

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
2 Junie 1973

Onderwerp: Vernuwning deur bekering  
Pinksterdiens

Lees: Jesaja 45 verse 17 tot 25

Teks: Jesaja 45 vers 22  
Openbaring 2 vers 5

Sing: Psalm 25 vers 2  
Psalm 119 verse 7 en 35

“Broers en Susters, ons durf nie net skouerophalend kennis te neem van God se gebooië; óf van God se wil om ons te herstel; óf ons geestelike gebrek en die gevare daaraan verbonde nie. Nee, God se gebod eis bekering vir ons geestelike welsyn. Om ons saligheid te beërwe, moet ons, ons bekeer. En dit is meer as ’n inkeer en ’n ommekeer op ’n spesifieke oomblik. Wie bekeerd is, moet hom elke dag opnuut tot God wend en hom daaglik bekeer en die sonde versaak.

“As ons as gelowiges afsonderlik en as ’n kerk die krag van die nuwe lewe wil ondervind, moet die eis van bekering weer duidelik en ondubbelsinnig verkondig word; en verklaar word wat dit beteken.

“Die mens word 140 maal in die Bybel vermaan om hom te bekeer. Lukas skryf: ‘God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy ’n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel ...’ (Hand 17:30,31)

“Broers en Susters, bekering behels die volgende:

“Tot inkeer roep:

“Onthou daar bestaan ’n valse idee onder kerkmense dat slegs ongelowiges, heidene, Jode, Mohammedane en mense wat ’n ergerlike lewe lei, hulle moet bekeer. Nee, Broers en Susters, veral die gelowiges in die kerk word tot inkeer en voortdurende bekering geroep. En ons verwonder ons nie daaroor nie, want die boetvaardigheid van die geloof wat daarmee gepaard gaan, is die enigste poort om tot die lewe in te gaan.

“So was dit in die geval van verskeie gemeentes in Klein Asië soos opgeteken in die boek Openbaring. Hulle moes hulle bekeer. Want ook hulle, aan wie

oortreding genade bewys is, wat die uitredding gesmaak het en die vreugde geniet het, het so dikwels veragter in die genade en tot 'n insinking in hulle verhouding met God gekom. Hulle is telkemale geroep om te besin hoe hulle in hulle geloof verflou het; in toegewydheid verkoel het; in getuienis verstom het; in krag verminder het; en hoedat hulle die ware blydskap en vrede ingeboet het.

“In die gelykenis van die Verlore Seun was dit nie net die jongste seun wat hom moes bekeer nie, maar ook die oudste, wat daarop aanspraak gemaak het dat hy nooit die gebod van sy vader oortree het nie. Sy gesindheid teenoor sy vader en veral teenoor sy jonger broer was verkeerd. Hy moes hom bekeer van sy eiegeregtigheid, selfgenoegsaamheid en liefdeloosheid. En só kan bekering ook van kerkmense geëis word.

“Droefheid tot God:

“Die koers van die sondepad is weg van God af. Dit vervreem die sondaar van God. Daarteenoor is bekering die pad terug na God. Dit bestaan uit die afsterwe van die ou mens en die opstaan van die nuwe. Die afsterwe van die ou mens bestaan in 'n hartlike berou daaroor, dat ons God met ons sondes vertoorn het. Die opstaan van die nuwe lewe bestaan daarin dat ons 'n hartlike vreugde deur Jesus Christus in God het; en 'n lus en liefde om na die wil van God te leef en alle goeie werke na te streef. Die berou moet geopenbaar word in 'n sigbare daad, 'n innerlike en opregte terugkeer tot God.

“Vernuwing deur bekering is méér as net fatsoenlikheid of die verwydering van 'n ergerlike optrede. Dit is in die eerste instansie 'n uitmaak van die saak met die HERE: ‘Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.’ (Jes 1:18) Daardie afvalligheid en vervreemding van die HERE moet verander word in 'n terugkeer tot God en versoening met Hom.

“Die wonder van genade is dat God ons in ons afvalligheid nie verwerp nie, maar ons toeroep: ‘Wend julle tot My en laat julle red ...’ (Jes 45:22) ‘Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel? Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe.’ (Eség

18:31,32) Dit is 'n liefdesdrang en wekroep; dit is God wat klop aan ons deur en dit oopmaak. Maar hierop moet ons reageer en handel.

“Van die mooiste woorde wat in die Hemel gehoor word, is dié van 'n sondaar wat sê: HERE, ek kom.

“Haat en ontvlug sonde:

“Broers en Susters, om jou te bekeer is meer as om nie sonde te doen nie. Om nie sonde te doen nie is deel daarvan, maar by bekering gaan dit eerstens oor die gesteldheid en gesindheid van die hart.

“Wanneer ons ter wille van God se eis en eer dié dinge haat wat Hy haat; en dié dinge haat wat vir ons geestelike dood inhou, is ons inderdaad bekeer. Kan ons as gelowiges met opregtheid sê dat ons 'n afkeer, 'n walging vir sonde het?

“'n Sekere skrywer het gesê: ‘Die kerk en gelowiges verbeur die reg om teen hemeltergende sondes van die wêreld te getuig, as hy die sonde in eie boesem laat voortwoeker.’ Dit sluit in sonde in eie geledere van wêreldsgesindheid, twis en tweedrag.

“Buiten sondehaat moet die sonde ontvlug word. Hierdie vlug is geen teken van lafhartigheids nie, maar die eis en bewys van geloof. Wie na God vlug, ontvlug die sonde. Dit is die onverbiddelike eis van vernuwing vir die kerk en vir die gelowige. ‘So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.’ (Rom 6:11)

“Vreugde van die HERE:

“Sonder hierdie vreugde is die vernuwing van ons hart nie volkome nie. Die ware bekering is nie slegs 'n afsterwe van die ou mens nie, maar ook die opstaan van die nuwe mens. Dit is die hartlike vreugde in God deur Jesus Christus. ‘Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees.’ (Rom 14:17) Ware lewensvervulling en vreugde is nêrens anders te vind nie. Die volheid van God kan slegs in Jesus Christus gevind word. Wie in Christus Jesus die nuwe lewe deelagtig geword het, het die hartlike vreugde van God ontvang.

“As u waarlik blydschap, vrede en rus vir u gewete soek, wend u tot God. Versaak die sonde. Hang Jesus Christus aan en die vrug van die bekering, naamlik blydschap in die HERE, sal u deel word.

“Bekering beteken ook dat ons aan God gehoorsaam moet wees: ‘... bekeer jou en doen die eerste werke.’ (Openb 2:5) Broers en Susters, as ons in die hartlikheid en innigheid van ons eerste liefde

herstel is, sal ons ook die eerste werke as uitvloeisel daarvan doen. Blydskap in God se vergewende liefde gaan hand aan hand met gehoorsaamheid aan God.

“Ons moet God nie dien met liefdeloosheid en teësin soos die oudste seun nie. (Luk 15:29) Ons moet ook nie op God se bevel reageer soos die tweede seun van Matthéüs 21 vers 30 nie. Hy het geantwoord: ‘Ja heer. En hy het nie gegaan nie.’

“Nee, Broers en Susters, ons moet ons ‘verlustig ... in die wet van God na die innerlike mens’ (Rom 7:22) en die vrugte dra wat by die bekering pas. Dít is ware bekering en ware vernuwing.

“Ons is so bang vir die woord bekering. Ons is te bang ons kleef Metodistiese stroop aan. Maar weet u, die kerk gaan ten gronde waar daar geen bekering meer is nie; en waar die vuur in prediking van bekering nie meer waarneembaar is nie.

“Onthou, bekering het nie maar net een maal in jou lewe plaasvind nie. Dit is nie iets in die verlede waarop jy terugkyk nie. Die bekeringsdaad in jou lewe is nie soos ‘n kosbare aandenking of kleinood wat êrens tussen jou geestelike skatte gebêre is nie. Dit is nie die rente op ‘n belegging waarop jy kan teer nie. Nee, bekering is die mees aktuele saak van die lewe van elke gelowige. Dit is ‘n saak vir elke dag, vir elke oomblik. Dit is ‘n proses wat jou hele lewe lank duur. Dit is ‘n aangeleentheid wat altyd weer na vore kom, omdat ‘n mens se geestelike lewe nie gedurig op hoogwatermerk is nie. U weet net so goed soos ek, dat daar ook soms na die oorvloed van hoogwater, laagwater is. Oplewing en insinking wissel mekaar af. Daarom roep God voortdurend tot ons: ‘Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde!’ (Jes 45:22)

“Dit is God se wil dat ons, ons sal bekeer van ons dubbelhartigheid, louheid, wêreldgelykvormigheid, pligsversaking, eiegeregtigheid, hoogheidswaan, onvergewensgesindheid en ons vormgodsdien.

“Maar bekering is méér as die versaking van sondes. Die héél belangrikste is jou verhouding met God en Jesus Christus: ‘Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.’ (2 Kor 5:20)

“Broers en Susters, hoe lief het u vir Jesus Christus?  
“Amen.”